

**27 Februarie**

Skrifgedeelte: 1 Samuel 6-7 (NAV)

Fokusgedeelte: 1 Samuel 7:2-3

## Om die Here te dien, is 'n saak van die hart

Van die ark van die verbond het daar 'n boodskap vir die Israëliete uitgegaan: God is by ons. Hierdie boodskap het egter in die Israëliete se lewe stil geword. Vir hulle was hulle godsdiens nie meer 'n saak van die hart nie, maar 'n saak van godsdienslike simbole en rites wat 'n mens moet nakom. Die wese van die verbond, naamlik liefde vir God, het verlore gegaan. Hulle het in 'n vormgodsdiens verval. Die ark was bloot hulle gelukbringer; soos wat die Baäls en Astartes vir hulle oeste en vrugbaarheid moes verseker, moes die ark vir hulle die oorwinning op die slagveld verseker.

Die uiteinde was dat die ark in die hande van die Filistyne geval het, maar op wonderbaarlike wyse deur God self na die grondgebied van Israel teruggebring is. Maar selfs hierdie wonder het die volk nie tot besinning gebring nie. Sewentig man sterf omdat hulle in Bet-Semes na die ark gekyk het en nie die Here se voorskrifte daarvoor nagekom het nie. So beland die ark vir 20 jaar in Kirjat-Jearim, in veilige bewaring geplaas by die knegte van die Israëliete, die Gibeoniete.

Al was die ark weer terug in hulle midde, was alles nog nie reg nie. Hulle vyande was nog daar en vir 20 jaar moet hulle gebuk gaan onder die hand van die Filistyne. Maar iets begin gebeur. Die volk begin om by die Here te kla oor hulle lot. Weg is die "kom ons vat die ark saam, dan sal alles reg wees"-houding. Eers dan kom die Here weer tot hulle redding by monde van Samuel. Die boodskap is duidelik: Godsdiens is 'n saak van die hart! Bekeer julle, verwyder die afgode onder julle uit. Stel julle vertrou volkome op die Here en Hy sal julle van die Filistyne verlos.

Hoe wonderlik is die volk se reaksie nie nou nie? Hulle verwyder die afgode uit hulle huise. Hulle kom by mekaar en betoon hulle berou voor die Here en wanneer die Filistyne teen hulle optrek daar by Mispa, wat doen hulle dan? Hulle het werklik tot in keer gekom. Niemand sê: "*Gaan haal gou die ark*" nie Hulle sê vir Samuel: "*Moenie ophou om die Here ons God vir ons om hulp te smeek nie, sodat Hy ons uit die mag van die Filistyne kan red.*" Woorde wat getuig van verandering in die hart.

Sing: Psalm 40:4 (1936)

Ds MJ Erasmus (Pretoria-Wonderboom-Suid)